

Vrydag 1 April

Skrifgedeelte: Deuteronomium 6:1-9

Fokusgedeelte: Deuteronomium 6:4

God is een

Een van die belangrikste sake wat ons as Christene glo, is dat God 'n Drie-enige God is. Dis só belangrik dat wie dít verkeerd het, nie 'n ware geloof het nie (Geloofsbelydenis van Athanasius, Artikels 1-2, 28).

Dit wat ons oor God as 'n Drie-enige God glo, berus op twee basiese feite wat in die Bybel geopenbaar word: dat God een is, én dat God drie is.

In Deuteronomium 6:4 word die eerste feit kort en duidelik gesê: Die Here is 'n enige God. Wat hier geskryf staan, beteken in die eerste plek dat die Here die enigste God is, iets wat in hierdie hoofstuk sterk beklemtoon word. Daar is nie ander gode of baie gode soos wat die meeste heidense nasies van daardie tyd geglo het nie.

Wat hier in Deuteronomium 6:4 geskryf staan, kan egter ook beteken dat God net Een is. Hy is net een Goddelike Wese. Daarom word daar in die Bybel deurgaans oor Hom in die enkelvoud gepraat (“Hy“, “Hom“) en nie in die meervoud (“Hulle“) nie.

Die feit dat God in die Bybel ook vir ons openbaar dat Hy in 'n sin Drie is, kanselleer nie sy Een-wees nie. Daarom bely ons byvoorbeeld eksplisiet dat al is die Vader God en die Seun God en die Heilige Gees God, daar nie drie gode is nie, maar net een God (Athanasius, Artikels 15-16).

Daar is mense wat die Drie in God van mekaar wil skei. Hulle hou hulle byvoorbeeld in hulle godsdiens net met Jesus besig, of hoofsaaklik met die Heilige Gees en sy gawes. Maar teenoor almal wat die Drie in God van mekaar wil skei, bely ons die Eenheid van God. Daar is in alle tye net een God, met één wil en één plan en één liefde vir ons.

Sing: Skrifberyming 72 (12-3):1, 2

Ds. SD Snyman (Danie) (emeritus)